

MOSSELBAAI E.K. PRIMÊR

Posbus 234
Mosselbaai
6500
☎: 044 - 6912998
FAX: 044 - 6910625
E-POS: mosselbaaiek@gmail.com



P.O.Box 234
Mossel Bay
6500
☎: 044 - 6912998
FAX: 044 - 6910625
e-mail: mosselbaaiek@gmail.com

Geagte Edmunt en span

Weereens baie dankie vir jul bederf op Mandela-dag. Julle het gekom om te gesels oor ekstra-klasse en op die ou end gesien hoe groot die armoede by die skool is en sommer toe die leerders bederf met lekkergoed en skryfbehoeftes.

Ek het Januarie 2019 by die skool begin. Aanvanklik wou die staat die skool toe maak, maar ons getalle het so geklim dat ons gaan oop bly 😊

Die skool is 'n kwintiel 4 skool m.a.w ons kry maar baie min geld by die staat wat moet gaan vir LOOM, ens. Ongelukkig kom die meerderheid leerders uit baie haglike omstandighede wat wissel van armoede, drankmisbruik en dwelmverslawing. Ons ontvang by die staat kos vir die leerders (voedingskema) vir 54 leerders, maar 149 leerders ontvang voeding van die skool af.

Baie leerders kom in die winter sonder skoene, trui en warm klere.

Ons hou maandeliks 'n fondsinsameling om ons SBL opvoeders se salarisse te betaal asook om skryfbehoeftes vir die leerders te koop (aangesien die LOOM te min is wat ons ontvang).

Ons wil baie graag nog sporttoerusting aankoop vir ons leerders. En ons is genoodsaak om die badkamerfasiliteite op te gradeer (die toilette is stukkend en daar is nie deure nie).

Indien julle wil help, sal ons dit vreeslik baie waardeer.

Ons skool se bankbesonderhede:

Mosselbaai EK Primere Skool

Absa

Tjekrekeningnommer 1010090969